SUID-AFRIKAANSE
STOEIFEDERASIE

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
www.wrestling.org.za
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

Aan: Sekretaris en Presidente – Stoeiverenigings

SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SA Afrigters Raad

6 Maart 2017

SASAR SKRYWE 07/2017 – AANVULLENDE SKRYWE TOT SASAR OMSENDSKRYWE 07/2017

Graag wil ons ter wille duidelikheid en om enige verwarring te voorkom 'n paar aspekte rondom die naweek se oefenkamp asook die finalisering van die 2017 Afrika span aan almal deurgee.

1. Die naamlys van stoeiers soos vervat in SASAR Omsendskrywe 06/2017 verteenwoordig nie 'n Nasionale oefengroep nie, dit is slegs die name van stoeiers wat verplig is om die betrokke oefenkamp by te woon. Daar sal binnekort wel 'n Nasionale oefengroep bekend gemaak word vir 2017.
2. Slegs stoeiers wat **1ste plekke** by die onlangse Nasionale proewe behaal het, sal oorweeg word vir die vir 2017 Kontinentale Afrika Kampioenskap spanne. Waar die eerste plek weens omstandighede onttrek kan 2de plekke moontlik oorweeg word maar dit beteken nie outomatiese toelating tot die span nie. Stoeiers sal op meriete oorweeg word.
3. Die bepaling soos vervat in SASAR Omsendskrywe 03/2017 "3. *Plasing onder die eerste drie stoeiers by die Nasionale proewe sal nie dien as outomatiese toelating toe enige Nasionale span nie, finale toelating tot Nasionale spanne sal op aanbeveling van die Afrigters Raad en goedkeuring deur die Uitvoerende Bestuur geskied. Die finale aanbeveling of 'n stoeiers geskik is vir internasionale deelname word deur die Afrigters Raad gedoen vir goed keuring deur die SA Uitvoerende Bestuur. Dit geld vir enige internasionale deelname of span*" is en bly van toepassing.
4. As gevolg van verskeie enkel massas of in sommige gevalle baie min stoeiers in 'n betrokke massa het die Afrigters besluit om verdere evaluasie te doen om te bepaal of stoeiers gereed is vir Internasionale deelname.
5. Soos reeds aangedui in die Omsendskrywe 06/2017 kan ander kadet, junior en senior kan wel die oefenkamp bywoon teen 'n koste van R210-00 per persoon. Ongelukkig kan ons nie jonger stoeiers by die betrokke kamp toelaat nie.
6. Ons beplan en is reeds besig om alternatiewe Internasionale toere en oefenkampe te reël. Stoeiers wat aan die proewe deelgeneem het sal oorweeg vir die toere en oefenkampe.

Groete

Voorsitter SASAR

Nico Coetzee

President: MHJ Bosse; Ere President: JH Taljard; Visie President: C Villet; Visie President: CJ van der Walt; Sekretaris Generaal & Voorsitter Admin Raad: HN van den Berg;
Tesourier: SH Bartlett; Voorsitter Beampte Raad: W Giliomee; Voorsitter Afrigters Raad: N Coetzee; Voorsitter Spanbestuurders Raad: M Luff;
Voorsitter Mediese Raad: AJ Germishuizen; Hulp Tesourier & Sekretaris General: M Smith; Voorsitter Bemarking & Media: SA Bartlett